**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos in die riglyndokument vervat is, gebaseer is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG OP DIE VORMING VAN DIE WÊRELD SOOS DIT IN DIE 1960's WAS?

   - USSR/VSA – Skep van belangesfere: Fokus op Kuba

   VRAAG 2: HOE IS UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA VERWERKLIK?

   - Gevallestudie: Tanzanië

   VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?

   - Fokus 1960's: Burgerregtebewegings in die VSA

   VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?

   - Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.

3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.

4. In die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.

5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS BYGEDRA TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE USSR EN DIE VSA IN DIE 1960's?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Watter land was volgens die bron 'n bedreiging vir Kuba? (1 x 1) (1)

1.1.2 Waarom het Khrushchev gekies om Kuba te help? Gee TWEE redes. (2 x 1) (2)

1.1.3 Verduidelik die konsep *Marxistiese-Leninisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op tot watter mate die inligting in die bron as bevooroordeeld beskou kan word. (2 x 2) (4)

1.1.5 Hoe het Khrushchev die ontplooiing van missiele in Kuba geregverdig? (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Waarom, dink jy, het die VSA die Sowjetunie se aktwiteite in Kuba noukeurig dopgehou? (2 x 2) (4)

1.2.2 Verduidelik waarom dit nodig geword het dat Kennedy 'n kwarantyn/verbod op Sowjet-missiele na Kuba plaas. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Watter boodskap wou die spotprenttekenaar oordra deur die Amerikaanse leiers as rawe voor te stel? (1 x 2) (2)

1.3.2 Verduidelik of die spotprenttekenaar 'n akkurate weergawe van gebeure, soos wat dit in Kuba plaasgevind het, gee. (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe hierdie bronne verskil met betrekking tot die gebeure wat tot die Kubaanse Missielkrisis gelei het. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Hoe het die Kubaanse Missielkrisis Khrushchev se aansien geaffekteer? (1 x 2) (2)

1.5.2 Verduidelik of jy met Griffiths se beskrywing van Krushchev se leierseienskappe saamstem. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.6 Gebruik AL die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die rol wat Kennedy in die Kubaanse Missielkrisis gespeel het, te verduidelik. (8)

1.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.7.1 OF VRAAG 1.7.2.

1.7.1 Bespreek hoe die Kubaanse Missielkrisis bygedra het tot die Koue Oorlog-spanning tussen die USSR en die VSA in die 1960's. (30)

**OF**

1.7.2 Khrushchev se staatkundige beleid het die uitbreek van 'n kernoorlog voorkom.

Stem jy saam? Bespreek hierdie stelling krities deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
**[75]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: HOE HET JULIUS NYERERE SE BELEID VAN UJAMAA TANZANIË GEDURENDE DIE 1960's EN 1970's IN 'N SOSIALISTIESE STAAT VERANDER?**

Gebruik Bron 2A, 2B en 2C om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die volgende konsepte te definieer:

(a) Afrika-sosialisme

(b) Nasionalisering (2 x 2) (4)

2.1.2 Wat was Nyerere se visie vir Tanzanië? (1 x 1) (1)

2.1.3 Verduidelik waarom Nyerere dit nodig gevind het om 'n Kode vir Leiers op te stel. (2 x 2) (4)

2.1.4 Volgens Nyerere, verduidelik hoe Tanzanië by ujamaa sou gebaat het. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Wat was die rede vir die sogenaamde 'nasionale ramp' in Tanzanië, volgens Standpunt 1? (1 x 2) (2)

2.2.2 Hoe, dink jy, sou gewone Tanzaniërs op die massaverskuiwing van mense gereageer het? (Standpunt 1) (2 x 2) (4)

2.2.3 Gebruik Standpunt 2 en noem enige TWEE gevolge van Nyerere se program van hervestiging van mense in nuwe dorpe ('villagisation' programme'). (2 x 1) (2)

2.2.4 Volgens Standpunt 2 het 'Nyerere se ujamaa-program dit afhanklik van buitelandse aalmoese vir oorlewing gemaak'. Verduidelik, in jou eie woorde, of hierdie stelling geldig is. (2 x 2) (4)

2.2.5 Gebruik die inligting in Standpunt 1 en 2 en beskryf die tekortkominge van hierdie standpunte vir 'n historikus wat die ujaama-beleid bestudeer. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C en verduidelik die doel van die plakkaat oor ujaama. (1 x 2) (2)

2.4 Vergelyk Bron 2A en 2C. Verduidelik die bruikbaarheid van beide hierdie bronne vir 'n historikus wat die ujaama-beleid navors. (3 x 2) (6)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die uitwerking van ujamaa op Tanzaniërs verduidelik. (8)

2.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.6.1 OF VRAAG 2.6.2.

2.6.1 Bespreek hoe Julius Nyerere se beleid van ujamaa Tanzanië gedurende die 1960's en 1970's in 'n sosialistiese staat verander het. (30)

**OF**

2.6.2 Julius Nyerere het gesê: 'Ons het ons toegewy aan die bou van 'n sosialistiese samelewing in Tanzanië.'

Evalueer hierdie stelling krities deur die inligting in AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
**[75]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE 1960's GESPEEL IN DIE TOTSTANDBRINGING VAN VERANDERING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA)?**

Gebruik Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en definieer die volgende konsepte:

(a) Burgerregte

(b) Segregasie (2 x 2) (4)

3.1.2 Verduidelik of die protesteerders se eise vir vryheid en gelykheid geregverdig was. (2 x 2) (4)

3.1.3 President Kennedy se voorstel aan die Kongres was soos volg: 'ras het geen plek in die Amerikaanse lewenswyse of wet nie'. Hoe, dink jy, sou die volgende op sy voorstel gereageer het?

(a) Swart Amerikaners

(b) Die meerderheid wit Amerikaners in die Suide (2 x 2) (4)

3.1.4 Verwys na King se stelling: 'Ons het nog 'n lang, lang pad om met hierdie nasie te loop voordat ons die ideale van menswaardigheid en broederskap bereik'. Wat sê dit jou van King se reaksie op die moord van Medgar Evers? (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Waarom, dink jy, is mense uit die Suide geteister en gedreig? (1 x 2) (2)

3.2.2 Die opmars na die Lincoln-gedenkteken het uitgedraai om 'sowel 'n protesoptog as 'n gemeenskaplike feesviering' te wees. Verduidelik of jy met hierdie stelling saamstem. (2 x 2) (4)

3.2.3 Verduidelik waarom die optog na die Lincoln-gedenkteken uitgebreide mediadekking gekry het. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C en gee TWEE redes wat die protesteerders in die foto gemotiveer het om na die Lincoln-gedenkteken te marsjeer. (2 x 1) (2)

3.4 Gebruik die bewyse uit Bron 3B en 3C asook jou eie kennis. Kies en verduidelik watter EEN van die twee bronne jy as die bruikbaarste beskou om te skryf oor die optog na die Lincoln-gedenkteken in 1963. (2 x 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Waarom, volgens hierdie bron, was Malcolm X krities teenoor die VSA? (1 x 3) (3)

3.5.2 Hoe het die standpunte van Malcolm X oor die burgerregtestryd van dié van Martin Luther King Jr. (Bron 3A) verskil? (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT rëels (ongeveer 80 woorde) om die betekenis van die opmars na die Lincoln-gedenkteken te verduidelik. (8)

3.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.7.1 OF VRAAG 3.7.2.

3.7.1 Bespreek die rol en invloed van die Burgerregtebeweging om verandering in die VSA in die 1960's te bewerkstellig. (30)

**OF**

3.7.2 Martin Luther King Jr. het 'n betekenisvolle rol gespeel om 'n regverdige en gelyke samelewing vir alle Amerikaners te vestig.

Stem jy saam met hierdie stelling? Bespreek deur die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
**[75]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4: WATTER IMPAK HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN OP SUID-AFRIKA IN DIE 1970's GEHAD?**

Gebruik Bron 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord.

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Volgens die inligting in die bron, op wie was die filosofie van Swart Bewussyn gemik? (1 x 1) (1)

4.1.2 Vergelyk die twee magte waarna in die bron verwys word. Verduidelik watter EEN van hulle jy dink meer onderdrukkend was. (2 x 2) (4)

4.1.3 Verduidelik of jy met Biko se filosofie van Swart Bewussyn saamstem. (2 x 2) (4)

4.1.4 Hoe, dink jy, sou konserwatiewe wit Suid-Afrikaners op die filosofie van Swart Bewussyn gereageer het? (1 x 2) (2)

4.2 Lees Bron 4B.

4.2.1 Volgens Gertrude Fester, watter TWEE faktore het haar gemotiveer om haarself na waarde te skat? (2 x 1) (2)

4.2.2 Verduidelik die konsep *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

4.2.3 Waarom, dink jy, het Gertrude Fester die filosofie van Swart Bewussyn ondersteun? Gee TWEE redes. (2 x 2) (4)

4.2.4 Verduidelik tot watter mate jy met Gertrude Fester se siening van Swart Bewussyn sou saamstem. (1 x 2) (2)

4.3 Bestudeer Bron 4C.

4.3.1 Waarom, volgens die bron, was die Zanempilo Gemeenskapgesondheidsentrum so suksesvol? (1 x 2) (2)

4.3.2 Biko word beskou as die stigter van die Zanempilo Gemeenskapgesondheidsentrum. Wat sê dit vir jou van Biko se toegewydheid aan die gemeenskap van Zinyoka? (1 x 2) (2)

4.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die werk wat by die Zanempilo Gemeenskapgesondheidsentrum onderneem is, die filosofie van Swart Bewussyn ondersteun. (2 x 2) (4)

4.3.4 Verduidelik of jy hierdie bron as bruikbaar sou beskou vir 'n historikus wat die programme van die Swartbewussynbeweging navors. (2 x 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


4.4 Vergelyk Bron 4A en 4C. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot Biko se filosofie van Swart Bewussyn. (2 x 2) (4)

4.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT rëels (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die filosofie van Swart Bewussyn die lewens van swart Suid-Afrikaners beïnvloed het. (8)

4.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.6.1 OF VRAAG 4.6.2.

4.6.1 Bespreek die rol en impak van die Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika gedurende die 1970's. (30)

**OF**

4.6.2 Swart Bewussyn het gedien om die gevoelens van minderwaardigheid te vernietig en om swart trots en selfvertroue te vestig.

Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en assesseer die geldigheid van hierdie stelling. (30)
**[75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com